higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 4

(5030124)

17 November 2022 (X- vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

460Q1N2217

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
MARKS: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die Graad R-kurrikulum fokus op die volgende leerareas: geletterdheid, gesyferdheid en lewensvaardighede. Praktisyns moet ook deur hierdie leerareas … as 'n kritieke uitkoms ontwikkel.

A probleemoplossing
B lees
C skryf
D voeding

1.2 Kindvasgelegde eienskappe ('child-embeddedness') word gedefinieer as …

A oorgeërfde eienskappe.
B ervarings van die kind wat 'n invloed het op hoe hulle dink en beplan.
C toevallige invloede in 'n kind se lewe wat geen uitwerking op die kind se gedrag het nie.
D gesinsbeplanning om kinders te hê.

1.3 Die VKO Kurrikulumontwikkelingsmodel sluit interpersoonlik vaardighede in soos …

A gesyferdheid.
B individuele aktiwiteite.
C kreatiwiteit.
D samewerking.

1.4 Beste praktyk is …

A om kinders self te laat eksperimenteer.
B wanneer die praktisyn die eksperiment doen terwyl die kinders toekyk.
C om die kinders met behulp van prente oor die eksperiment en die uitkoms te vertel.
D om die kinders 'n video oor die eksperiment te laat kyk.

1.5 'n Goeie voorbeeld van effektiewe praktyk in VKO is om …

A die kinders te neem om te gaan diepseeduik om haaie en walvisse te sien.
B vir die kinders oor haaie en walvisse te vertel deur klein rubberspeelgoed te gebruik.
C om vir die kinders 'n DVD oor walvisse en haaie in die see te wys.
D om vir die kinders prente van haaie en walvisse te wys.

Kopiereg voorbehou

1.6 Holistiese ontwikkeling verwys na …

A metodes van kinderontwikkeling wat internasionaal nagevors is en wat die beste vir alle jong kinders werk.
B beplanning en aanbieding van aktiwiteite om in die behoeftes en belangstellings van elke kind te voorsien.
C die voorsiening van geleenthede om belangrike vaardighede te leer en oefen binne die betekenisvolle konteks van die gemeenskap.
D leer deur spel en die voorsiening van geleenthede vir ontwikkeling gelyktydig oor baie domeine.

1.7 In die … -benadering tot VKO word die aktiwiteite nie deur die kind gelei nie.

A Montessori 'High/Scope'
B 'Bank Street'
C Ontwikkeling-Interaksie
D Direkte-onderrig

1.8 Die Nasionale Kurrikulumraamwerk bied leiding vir diegene wat programme ontwikkel vir, en werk met babas, kleuters en jong kinders vanaf …

A 4–5 jaar.
B geboorte tot 9 jaar.
C geboorte tot 4 jaar.
D 0–2 jaar.

1.9 Die beleid vir insluiting van spesiale behoeftes word in die … uiteengesit.

A Witskrif oor Onderwys 5
B Witskrif oor Onderwys 6
C kritieke kruisterreinuitkomste
D Nasionale Kwalifikasieraamwerk

1.10 In die … word kinders aangemoedig om as deel van selfontwikkeling hul aktiwiteite te beplan en daaroor te besin.

A Montessori-metode
B High/Scope-kurrikulum
C Bank Street Ontwikkeling-Interaksie-benadering
D Direkte-onderrigmodel

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

2.1 Ontwikkelingsgepaste praktyk beteken dat elke kind se ontwikkeling binne die omgewing en die konteks waarin hy/sy gebore is en groot word, verstaan word.

2.2 Speelgoedbiblioteke is net beskikbaar vir diegene wat dit kan bekostig om speelgoed te koop.

2.3 Speel en aktiewe ervarings versterk leer in vroeë kinderontwikkeling.

2.4 ‘n Kurrikulumraamwerk is ‘n georganiseerde plan van leeruitkomste.

2.5 Die Kritieke Kruisterreinuitkomste wat deel vorm van alle opvoedkundige programme van die NKR in Suid-Afrika vorm nie deel van die Nasionale Kurrikulumraamwerk vir VKO nie.

2.6 Kinders van vlugtelinge geniet geen wetlike beskerming in Suid-Afrika nie.

2.7 Kinders leer die beste wanneer hulle in hul moedertaal onderrig word.

2.8 Noudat daar nie meer enige Covid19-beperkings is nie, is oorvol VKO-klaskamers nie meer ‘n probleem nie.

2.9 Spesiale behoeftes verwys net na kinders met fisiese gestremdhede.

2.10 Die Nasionale Kurrikulumraamwerk vir kinders vanaf geboorte tot vier jaar is ontwikkel om die leemte in vroeë kinderonderwys te vul.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	NVLO (‘NELD’)	A	waar alle kwalifikasies geregistreer word
3.2	Verken wiskunde	B	gemeenskapsgebaseerde organisasie
3.3	VLDA (‘ELDA’)	C	Nasionale Kwalfikasieraamwerk
3.4	Kreatiwiteit	D	speel verbeeldingspeletjies
3.5	NKR	E	leerarea in vroeë kinderjare
3.6	Kennis en begrip van die wêreld	F	leerstandaarde vir 0 tot 4 jaar
3.7	Kommunikasie	G	bou sterk verhoudings met ander
3.8	Welsyn	H	sorteer en klassifiseer
3.9	Identiteit en behorendheid	I	VHLE (‘ELRU’) is ‘n voorbeeld
3.10	NRO	J	verken en ondersoek die wêreld
		K	luister
		L	speel veilig

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

etiek; beginsels; boodskapboek; waardes; kennisgewingbord; opname; diversiteit; lewensvaardighede; deurtrekking (‘infusion’); mikrostelsel; nuusbrief

4.1 Belangrike kennisgewings aan ouers word hier naby die ingang tot die skool geplaas.

4.2 ‘n Morele gids wat jou gedrag rig.

4.3 Die naaste aan ‘n kind en wie die grootste invloed in die kind se lewe het.

4.4 Waar veelrassigheid deel van die daaglikse aktiwiteite vorm.

4.5 Aktiwiteite wat daarop gerig is om onafhanklikheid te bereik.

4.6 Belangrike inligting wat gewoonlik aan die begin van die termyn aan ouers gestuur word.

4.7 ‘n Manier om ouers se menings oor voorgestelde veranderings wat by die skool beplan word, te verkry.

4.8 ‘n Stel reëls en standaarde vir onderwysers se gedrag in die onderwyssituasie.

4.9 Kort daaglikse boodskappe wat aan ouers gestuur word.

4.10 Skole wat bestaan uit kinders van verskillende kulture, tale en godsdienste.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 5

5.1 Skryf die toepaslike ouderdomme in maande of jare (die ouderdomsgroep) van die volgende VKO-groepe langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Babas

5.1.2 Graad R

5.1.3 Vroeë kinderjare

5.1.4 Kleuters

5.1.5 Voorskoolse kinders

(5 × 1) (5)

5.2 Watter vaardighede word deur die volgende aktiwiteite ontwikkel?

5.2.1 Marsjeer op ritme van ‘n drom

5.2.2 Bou ‘n motorkar uit kartondose

5.2.3 Kyk na ‘n marionette-vertoning

5.2.4 Bespreking by die tematafel

5.2.5 Klouter op die speelraam op die speelgrond

5.2.6 Pas kaarte met vrugte bymekaar

5.2.7 Speel speletjies met portuurgroep

5.2.8 Kinders praat oor hul gevoelens

5.2.9 Kinders leer om hulself aan te trek

5.2.10 Identifiseer items op grond van tekstuur en vorm

(10 × 1) (10)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 75

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Gee TWEE persoonlike redes waarom jy VKO as loopbaan gekies het. (2)

6.2 Noem DRIE rolle van ‘n speelgroepfasiliteerder. (3)

6.3 Noem en verduidelik VIER areas waarin ‘n VKO-praktisyn opgelei moet wees om ‘n effektiewe praktisyn te wees. (4 × 2) (8)

6.4 Noem TWEE tipes organisasies wat werksgeleenthede aan VKO-praktisyns bied. (2)

6.5 Indien jy sukkel om werk in VKO te kry nadat jy Onderwys en Ontwikkeling Vlak 4 voltooi het, kan jy opsies van selfwerksaamheid ondersoek.

6.5.1 Noem EEN entrepreneurskapsgeleentheid wat jy op die terrein van jou kwalifikasies kan begin. (1)

6.5.2 Noem TWEE punte oor hoe jy die entrepreneuskapsgeleentheid wat jy in VRAAG 6.5.1 genoem het, kan begin. (2 × 2) (4)

6.6 Jy is as ‘n assistent-praktisyn in ‘n groot VKO-sentrum aangestel.

Beskryf die loopbaanroete wat jy in hierdie veld kan volg, en die vereistes daarvoor. (5)

[25]

VRAAG 7

7.1 Gee VIER redes vir die assessering van kinders in die vroeë jare. (4)

7.2 Waarom is dit belangrik dat VKO-praktisyns slegs ‘n informele benadering gebruik wanneer hulle kinders assesseer? (2)

7.3 Beskryf die volgende stappe in die assesseringsiklus:

7.3.1 Hoe sal jy vir assessering voorberei?

7.3.2 Noem DRIE instrumente wat gebruik kan word om assesserings op te teken.

7.3.3 Verduidelik hoe jy die opgetekende inligting sal interpreteer (vertolk). (3 × 3) (9)

7.4 Wanneer is ‘n goeie tyd om kinders te assesseer? Noem DRIE riglyne oor wanneer VKO-assessering moet plaasvind. (3)

7.5 Noem DRIE moontlike geleenthede wanneer ‘n kind se vordering met die ouers bespreek kan word. (3)

Kopiereg voorbehou

7.6 Noem TWEE scenario's wanneer 'n kind NIE geassesseer moet word nie. (2)

7.7 Gee 'n rede vir elk van die antwoorde in VRAAG 7.6. (2)
[25]

VRAAG 8

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bronne: *https://stock.adobe.com/za_id=320413016 & https://www.freepik.com/free-vector/silhouettes*]

8.1 Watter kurrikulumervaring word in die prent hier bo uitgebeeld? (1)

8.2 Noem en verduidelik VIER domeine waarin die kurrikulumervaring wat jy in VRAAG 8.1 genoem het, die kind holisties ontwikkel. (4 × 2) (8)

8.3 Beskryf hoe jy sal verseker dat die kurrikulumervaring wat jy in VRAAG 8.1 genoem het, 'n groep uiteenlopende (diverse) Suid-Afrikaanse kinders ondersteun. (4)

8.4 Noem SES maniere waarop die VKO-praktisyn 'n emosioneel gesonde omgewing vir jong kinders kan verseker. (6)

8.5 Meubels of toerusting in 'n VKO-klaskamer kan gebruik word om die verskillende areas of hoekies visueel of fisies te skei. Noem SES tipes meubels of toerusting wat gebruik kan word om hierdie areas te skei. (6)
[25]

VRAAG 9

Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae.



https://www.statssa.gov.za/publications/P0318/GHS%202020%20Presentation%202-Dec-21.pdf

Hou hierdie statistiek in gedagte en beantwoord die volgende vrae:

9.1 Die kinders wat deur 'n ouer of voog tuis versorg is, het gedurende 2020 tot 67.2% verhoog.

Wat dink jy het tot hierdie toename in 2020 bygedra? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

9.2 Beskryf VYF maniere waarop ouers/versorgers kinders in hul vroeë kinderjare kan opvoed. (5 × 2) (10)

9.3 Bespreek die rol van ouers en versorgers in die ondersteuning van vroeëkinderontwikkelingsentrums. (4 × 2) (8)

9.4 Noem VYF maniere waarop jy kinders met spesiale behoeftes by daaglikse aktiwiteite sal insluit. (5)

[25]

VRAAG 10

Bestudeer die daaglikse program hier onder en beantwoord die vrae.

BUZY BEES DAGPROGRAM

- Aankoms
- Oggend-ring
- Binnenshuise vrye spel
- Toiletroetine
- Oggendhappie
- Groepaanbieding
- Buitenshuise vrye spel
- Toiletroetine
- Groepaanbieding
- Storietyd
- Middagete



10.1	Vir watter ouderdomsgroep is hierdie dagprogram opgestel?	(1)
10.2	Noem VIER aktiwiteite wat vir binnenshuise vrye spel beplan kan word.	(4)
10.3	Noem VIER aktiwiteite wat vir oggend-ring geskik is.	(4)
10.4	Noem DRIE maniere waarop water-en-sand-spel die kind se kognitiewe vaardighede verbeter.	(3)
10.5	Waarom is spel ‘n belangrike leermediums vir jong kinders?	(4)
10.6	Waarom is dit belangrik om ouers by hul kind se onderwys te betrek?	(4)
10.7	Noem VYF maniere waarop die regering positief by VKO betrokke is.	(5)
		[25]

TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou